**Afrikaans Huistaal**

**Hersiening**

**Memorandum**

**Graad 9**

**TYDSDUUR: 1 uur 30 minute**

**TOTAAL: 65**

**EKSAMINATOR: Z. Mans**

| VRAAG 1: Literêre en nie-literêre teks | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1.1 | LitNet | 1 | 1 |
| 1.2 | Die US Woordfees<br>poësie | 2 | 1 |
| 1.3 | Want sy en haar suster was ook op universiteit in Bloemfontein deel van so 'n taaldebat. | 2 | 2 |
| 1.4 | Sy bedoel dat haar Sotho-gebruik nie baie goed is nie. | 1 | 3 |
| 1.5.1 | Vals, sy is 'n Noord-Kapenaar van Namakwaland. | 2 | 2 |
| 1.5.2 | Vals, haar ma is ook 'n Namakwalander. | 2 | 2 |
| 1.6 | As jy Engels praat, praat Engels. Dieselfde geld vir Afrikaans. Praat jou taal. | 2 | 3 |
| 1.7 | Die mense gaan steeds in Afrikaans bid, skryf, feeste hou, kuier en musiek luister. (Enige 2) | 2 | 3 |
| 1.8 | "... die gedigte wat ek die naweek gaan skryf, sal nie in Engels wees nie." | 1 | 3 |
| 1.9 | Dat sy eintlik niks met die sake in Stellenbosch uit te waai het nie, omdat sy in die Noord-Kaap bly. Haar ma meen dat sy voor op die wa is. | 2 | 4 |
| 1.10 | Dat niemand eintlik die reg het om vir iemand te sê watter taal hulle mag of moet praat nie. | 1 | 5 |
| 1.11 | Ja of nee met 'n relevante rede. | 2 | 5 |
| | | | **20** |
| | | **VRAAG 1: 20** | |

| VRAAG 2: Visuele teks | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 2.1 | Pen Afrikaans | 1 | 1 |
| 2.2 | Marita van der Vyver | 1 | 1 |
| 2.3 | Daar is net 20 plekke beskikbaar. | 1 | 2 |
| 2.4 | Jy moet voor daardie datum inskryf. | 1 | 2 |
| 2.5 | Jy moet 'n motivering skryf oor waarom jy verdien om die kursus gratis by te woon. | 2 | 3 |
| 2.6 | Die kursus word oor die internet aangebied. | 1 | 2 |
| 2.7.1 | Vals, die kursus vind oor drie Saterdae plaas. | 2 | 3 |
| 2.7.2 | Vals, die kursus kos R750. | 2 | 3 |
| 2.8 | Sy is die gasspreker. | 1 | 2 |
| 2.9 | Vir skrywendes. Mense wat wil leer hoe om verhale te skryf. | 1 | 4 |
| 2.10 | Ja of nee met 'n relevante rede. | 2 | 5 |
| | | **VRAAG 2: 10** | |

| VRAAG 3: Opsomming | PUNT |
|---|---|
| **NASIEN VAN DIE OPSOMMING:**<br>• Daar word nie van die leerders verwag om die opsomming van 'n opskrif/titel te voorsien nie.<br>• Die leerders moet die opsomming in hul eie woorde/sinne neerskryf in enige volgorde.<br>• Daar word slegs vir wenke wat in volsinne geskryf is, punte toegeken.<br>• Die rofwerk/beplanning word slegs nagesien as dit nie duidelik aangedui is dat dit die rofwerk/beplanning is nie.<br>• Die leerders moet die korrekte aantal woorde aandui.<br>• Die opsomming moet PUNTSGEWYS (GENOMMER) wees.<br><br>**Punte word soos volg toegeken:**<br>• 7 punte vir 7 feite (een punt per feit)<br>• 3 punte vir taal<br><br>**Verspreiding van punte vir taalgebruik:**<br>• 6–7 feite korrek: 3 punte vir taal<br>• 4–5 feite korrek: 2 punte vir taal<br>• 1–3 feite korrek: 1 punt vir taal<br><br>**Indien die leerder direk aangehaal het uit die teks:**<br>• 6–7 direkte aanhalings: geen punt vir taal<br>• 1–5 direkte aanhalings: slegs 1 punt vir taal<br><br>• Die nasiener moet die leerder se totale aantal woorde tel en dit verifieer.<br>• As die woorde nie aangedui is nie of foutief aangedui is, mag daar nie punte afgetrek word nie.<br>• Indien die leerder 80 woorde oorskry het, moet die nasiener net tot by 80 woorde lees en die res van die opsomming ignoreer.<br>• As die leerder al die wenke in minder woorde opgesom | |

| | |
|---|---|
| het, mag daar nie punte afgetrek word nie.<br><br>**Die volgende kernbegrippe moet in die opsomming voorkom:**<br>1. Wees teenwoordig in elke oomblik.<br>2. Wees rasioneel in plaas van impulsief.<br>3. Gee eerlike en konstruktiewe terugvoer.<br>4. Dink in elke situasie soos 'n beginner.<br>5. Aanvaar dat nie alle probleme oplossings het nie.<br>6. Prioritiseer of organiseer jou take.<br>7. Soek doelbewus na vreugde in elke situasie. | **VRAAG 3: 10** |

| **VRAAG 4: Taalstrukture en -konvensies** | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 4.1 | Akuut | 1 | 1 |
| 4.2 | Stelsin | 1 | 2 |
| 4.3 | Dit dui 'n nuwe lettergreep aan. | 1 | 2 |
| 4.4 | Stormbaai of Wes-Kaap | 1 | 3 |
| 4.5 | dag | 1 | 2 |
| 4.6 | Gewilder | 1 | 3 |
| 4.7 | Baie, verskeie (of enige ander gepaste sinoniem) | 1 | 3 |
| 4.8 | Attributief | 1 | 3 |
| 4.9 | Beserinkies | 1 | 4 |
| 4.10 | Wanda Olivier sê dat almal daardie boek moet gaan koop. | 1 | 4 |
| 4.11 | Sy - Persoonlike voornaamwoord | 1 | 3 |
| 4.12 | Is sy anders? | 1 | 3 |
| 4.13 | Hulle jong liefde ontwikkel nie dieper hoe verder jy lees nie. | 1 | 3 |
| 4.14 | Want of maar. | 1 | 2 |
| 4.15 | Enige bysin wat "boek" uitbrei. Bv. Ek beveel hierdie boek wat goed is, aan. | 1 | 5 |
| 4.16 | **Toekomende tyd:** Maar in werklikheid sal ouers ook van pedestals af val.<br>**Verlede tyd:** Maar in werklikheid het ouers ook van pedestals afgeval. | 2 | 4 |
| 4.17 | Aangrypend of enige ander gepaste woord. | 1 | 2 |
| 4.18 | Wanda het 'n resensie wat goed is, geskryf. | 1 | 3 |
| 4.19 | Wêreldwye web | 1 | 2 |
| | | **VRAAG 4: 20** | |
| | | **GROOTTOTAAL:65** | |